

## Publiseernagmerries en verloordersdrome

Mens lees soms van skrywers wat sukkel om hulle werk gepubliseer te kry en dit wat mens van lees (of hoor) is wel net die oortjies van die seekoei, maar dis nogal skrikwekkend. Of minstens ‘n *wake up call*.

In *Die Burger* van 13 Junie 2012 skryf Willem de Vries in sy artikel “Leroux opnuut uitgereik” oor Etienne Leroux en oor die heruitreiking van Leroux se “Eerste Siklus” (1. *Die eerste lewe van Colet*, 2. *Hilaria* en 3. *Die Mugu*) – vir my nogal interessant, want ek was nou die dag by NB se kantore en toe vra ek die admin-dame wat maak die klomp mense in daai konferensiekamer (dieselfde een waarin my onderhoud oor MER vir KykNet geskiet is). Sy sê toe elke Maandag vergader hulle daar om te besluit watter boeke heruitgereik kan word.

In ek geval, dis nie eintlik oor Leroux of oor heruitgawes wat ek hier wil skryf nie; dis oor probeer-en-probeer-weer-’n-keer om boeke gepubliseer te kry. Dog, Willem de Vries noem dat Leroux in 1955 gesukkel het om sy eerste boek gepubliseer te kry, soos in prof JC Kannemeyer se biografie van Leroux uiteengesit is. Een ou het glo aan hom gesê: “Jy het talent, skryf liewerster wat die mense wil hê. Dan kan jy vir jou ’n Chev-motor koop.” Uiteindelik is *Die eerste lewe van Colet* in Nederland gedruk en Leroux moes borg staan daarvoor.

De Vries sê nie hoeveel maal bogenoemde boek herdruk is nie, maar dit moet darem ‘n hele paar maal wees. Hy gaan aan deur te vertel van ander skrywers wat vandag beroemd is (sommige ook ryk), maar baie gesukkel het om voete in deure te kry. Ene Robert M Pirsig het glo 121 maal probeer om *Zen and the Art of Motorcycle Maintenance* te laat publiseer. Harry Potter is ook aanvanklik afgekeur – dis nou al deel van literêre mitologie en daar is verskillende weergawes ook – maar De Vries se weergawe lui dat nadat 12 uitgewers vir Oulike Harry afgekeur het, het Bloomsbury se voorsitter dit laat uitgee omdat sy 8-jarige dogter daarop aangedring het. Ek hoop JK Rowling het dié klein aanhanger paslik beloon.

Die grote James Joyce se *Dubliners* is ook “meer as 20 keer teruggestuur” en hy moes *A Portrait of an Artist as a young Man* “verskeie kere herskryf.” Sjoe, ek weet nie ... die herskryf kan ek nog aanvaar, want dalk was dit werklik nodig, maar ek kan nie dink dat ek ‘n manuskrip na 20 uitgewers sal stuur nie – dit wys jou hoeveel deursettingsvermoë en selfgeloof suksesvolle skrywers het. Ek vermoed hierdie twee eienskappe is minstens net so belangrik as skryftalent en lewenservaring.

Ek skryf juis hierdie stukkie nou, want ek wil dit hou om weer te lees wanneer ek my eie talente – of eintlik die blote reg om eens te mag probeer – bevraagteken. En dis amper elke dag. Ja, uiteraard is die houdings van ander ook relevant en ek kan glo dat duisende skrywers (en ander kunstenaars) al tou opgegooi het weens nydige opmerkings, of selfs net die gebrek aan aanmoediging. Terselfdertyd is oorhaastigheid (let op my stelling oor herskryf) ook ’n “interne” probleem wat menige boek al gekelder het, en dan is dit boonop bitter moeilik om objektief te wees teenoor jou eie werk (met goedbedoelde menings van vriende hierby

ingesluit), wat mens kan laat agteruitboer.

So, dis 'n lang en moeilike pad, geen twyfel hieroor nie. Mens moet bereid wees om heelwat op te offer. Dalk is dit ook noodsaaklik dat jy *gedrewe* voel om te skryf, maar die hele saak sal werklik makliker wees indien jy *geniet* om te skryf: die lang eensame ure kan andersins onuithoudbaar word.

Selfgeloof, se die sport sielkundiges, is baie beter as selfmotivering. En min mense het laasgenoemde, veel minder het eersgenoemde. Ek het al tevore gelees van skrywers wat baie kere, selfs meer kere as Pirsig, afgekeur is, maar aangehou het. Die vraag is of wanneer moet mens ophou – wanneer is jy bloot hardkoppig/onnosel/belaglik/verwaand ... wel, mens sou kon aangaan. Ook is daar eksterne faktore soos ekonomiese stabiliteit (selfs globaal), veranderende markte en modes, persoonlike menings van keurders en resensente, en vele meer.

Uiteindelik hang alles van allerlei faktore af, sommiges waarvan mens nie eens bewus is nie - ook blinde geluk (bv. die “regte boek op die regte tyd”), maar mens kan nie net terugsit en verskonings soek nie. Soos aan Leroux gesê is; as jy talent het (en mens kom tog later agter of it die geval is) moet jy aanhou. Die *mate* van sukses wat jy bereik is dalk eweredig aan die hoeveelheid talent wat mens het, maar harde werk kan ook blote vaardigheid na talent laat lyk.

Maar “talent” is soos “potensiaal”: niemand kan daarmee bank toe gaan nie. Het Rowling immers meer talent as Joyce? Maak dit ook werklik saak? Sommige mense sal tevrede wees met 'n Chev, ander met 'n Ferrari, en ander met 'n Nobelprys. Sukses is soos drome : elkeen s'n lyk anders, en dit is hoogs veranderlik – soos beelde, werklik of verbeeld, agter rook en spieëls. *Now you see it, now you don't*.

So. Hoe aanpasbaar is jy as skrywer? Klou jy vas aan jou drome? Is jy opportunisties? Vir my lyk dit dat indien jy lank genoeg aanhou, jy een of ander vorm of vlak van sukses sal behaal. En dis beter as niks – want om tweede te kom is beter as om op die paviljoen te sit en mor: hou áán of hou óp. Dís elkeen se keuse.

Francois Verster